8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art 5)

A. Die voorsitter van die Roepende Kerkraad, ds HS Coetzee stel die Rapport aan die orde.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Met dank kennis geneem van die Rapport waarop die voorsitter ‘n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.

D. RAPPORT

1. Oproep

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Maart 2014) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Streeksinodes gestuur is.

2. Kredensiebriewe

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

3. Huisvesting

Die Universiteitskoshuis, Dennepark, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Etereëlings sal in die Aanvullende Rapport bekendgemaak word. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.

Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuis gebruik maak van Maandag 5 Januarie tot Donderdag 15 Januarie 2015.

4. Verversings

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

5. Godsdiensoefening

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (6 Januarie 2015) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Die Bult saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Die Bult.

6. Sittingstye

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae:	08:00 – 10:30	(Teepouse)
	10:45 – 12:45	
	14:30 – 16:00	(Teepouse)
	16:15 – 17:45	
	19:00 – 21:00	
Saterdag:	08:00 – 10:30	
	10:45 – 12:45	

7. Verwelkoming

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

E. AANVULLENDE RAPPORT

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Die Bult rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Algemene Sinode 2015.

Kredensiebriewe

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Streeksinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Besluit: Met dank kennis geneem van die Rapport waarop die voorsitter ‘n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.